DR. G. C. VAN NIFTRIK, *De Boodschap van Sartre*, G. F. Callenbach N.V., Nijkerk, 1953.

Hierdie werk van 189 bladsye bestaan uit vyf hoofstukke:

I. Agtergrond en kenmerke van die existensialisme; II. Sartre se visie op die mens; III. Die probleem van die etiek; IV. Die vraag na God by Sartre; V. 'n Christelike beoordeling. Vir elkeen wat aandag skenk aan die geestestoestande van ons tyd, is elkeen van hierdie opskrifte besonder prikkelend, omdat Sartre een van die mees besproke figure van ons tyd is en elkeen van hierdie opskrifte 'n wesenlike aspek van sy filosofie na vore roep.

Wie 'n werk van van Niftrik ter hand neem, weet dat hy met 'n meester te doen het. Ook hierdie werk stel nie teleur nie. Dit is die uitvloeisel uit 'n reeks lesings wat die skrywer voor die volksuniversiteit gehou het; dit is dan ook vlot en gemaklik geskrywe sodat elke ietwat ontwikkelde mens groot genot daaruit kan put. Dit is ook geskrywe met 'n entoesiasme wat van Niftrik soms gewaagde uitdrukkings laat gebruik, maar wat meeslepend is.

Wat besonder verfrissend is, is die nuwe wyse waarop van Niftrik sy tema aanpak. Ons ken almal die onkritiese entoesiasme waarmee baie mense Sartre se idees aanvaar en verkondig en wat heeltemal ten regte die gedagte wek dat dit om 'n mode gaan. Ons is ook ten volle bekend met die soort beoordeling van Ds. J. M. Spier, wat praat van „het afvallige karakter van deze wijsbegeerte" en sê: „De grootste tragiek in dit alles is echter, dat de wijsheid der wêreld, die hier uitmond in de nacht der wanhoop, niet luisteren wil naar het Woord van die God, die reeds van oude tyden gezegd heeft, dat de goddelozen geen vrede hebben" (aangehaal deur van Niftrik op bls. 136). Wat nuut is in van Niftrik se benadering, is dat hy as belydende christen radikaal teenoor Sartre staan en dit ook keer op keer benadruk, maar tegelykertyd iets positiefs in Sartre probeer vind. Die positiewe wat hy vind, is hoofsaaklik in die eerste plek 'n duidelike uitdrukking van die lewensbesef van die moderne mens; aan hierdie lewensbesef moet kerk en teologie ernstige aandag skenk indien ons die evangelie in die huidige tyd in die wêreld wil laat weerklink. Tweedens sien hy 'n struktuurooreenkoms tussen die Bybelse boodskap en die existensialisme; hoewel die boodskap van Sartre en die boodskap van die Bybel radikaal teenoor mekaar staan, is daar vir van Niftrik groter verwantskap tussen existensialisme en Bybel as tussen idealisme en Aristotelianisme (wat hy in die moderne christendom gewaar) en Bybel. Hierdie werkwyse maak „De Boodschap van Sartre" 'n besonder vrugbare werk, afgesien nog van die groot hoeveelheid direkte teologie wat in die werk te vinde is.

Die beste karakterisering van die boek is wat van Niftrik self in die heel laaste paragrafie skryf: „Voornamelijk heb ik echter door dit boek willen laten zien, dat het Evangelie niet een met andere wereldbeschouwingen concurrerende levens- en wereldbeschouwing is. Ik heb willen getuigen van de hoogheid en souvereiniteit van het Evan-

gelie, dat géén private, christelijke aangelegenheid is, maar een boodschap Gods aan àlle menschen. Wij hebben geen christelijke zááK te verdedigen. Wij kunnen een gesprek voeren .... Waarheid is niet christelik privé-bezit. Christus is de Waarheid. Zijn licht straalt tot aan de einden der aarde. En de verkiezing Gods is ondoorgrondelijk".

Daarom hou ek so baie van hierdie boek. En daarom is hy in sommige kringe so fel veroordeel.

Waar ons kerk geleidelik ook aandag aan blanke evangelisasie begin skenk, wil ek hierdie boek ten sterkste by elke predikant en ontwikkelde lidmaat aanbeveel.

P. S. DREYER.